EKURHULENI NOORD DISTRIK

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 2

NOVEMBER 2017

GRAAD 08

PUNTE: 70 **TYD: 2 URE**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	**BEGRIPSLEES**	**(20)**
AFDELING B:	**TAALWERK**	**(20)**
	VISUELE GELETTERDHEID	**(10)**
AFDELING C:	**LETTERKUNDE**	**(20)**

2. Lees al jou instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord al die vrae.
4. Begin **ELKE VRAAG** op ‘n nuwe, skoon bladsy.
5. Nommer jou vrae korrek soos op die vraestel.
6. Let op na die spelling en sinskonstruksie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Afdeling A – Begripslees

Totsiens, goeie ou Tjokkie!

Deur Aldo Duminy

1. Daar's baie dinge in die lewe wat moeilik is. Skool is moeilik. Om vir jou boesem-pel te sê dit is tyd vir n dieet is moeilik. Wiskunde is moeilik.

2. Pousekos is nog moeiliker.

3. Ja, jy het reg gelees – dis moeilik om die regte peuselhappies saam te neem skool toe.

4. Gestel nou maar dis pouse: `n koel briesie waai, al die vriende speel nog ewe lekker, en dan – dan kom die groot vraag: "kan ek `n stukkie van jou Lunch Bar kry?" Dié Lunch Bar waarvan jy nou al sit en droom vandat julle in die Wiskunde-klas ingestap het. Jy kan tog nie "nee" sê nie. Hoe sal dit nou lyk? Voordat jy jou mond kan oopmaak, verdwyn jou Lunch Bar stukkie vir stukkie: so asof pouse die tyd is waar kommunisme herleef word – wat die een kry, kry die ander.

"Totsiens, tjokkie...!

5. Leer vandag iets: Wine Gums, Liquorice en Jelly Babies gaan net nie werk nie. Hoe makliker jy aan jou pousekos kan peusel, hoe meer hande sal daarna gryp. Die ideaal is dat jou skoolhappies met servette bedien word. Niemand wil tog pouse sit met wiskundehuiswerk wat met tamatiesous en stroop besmeer word nie.

6. Sjokolades wat in blokkies gedeel word, is net so taboe. Jy dink daar staan Cadbury op die bruin blokkie, maar "Bettie die bedelaar" dink haar naam is daarop uitgekerf.

7. Wat doen mens nou? Vind uit wat jou groepie se liplekkerhappies is. Daar behoort iets, hoe klein ook al, te wees wat niemand oor sy lippe wil toelaat nie. Daardie happie gaan dan jou pousekos wees vir die res van die jaar. As jy tevrede is om jou sjokolademelkie in jou vriendekring rond te stuur, is dit seker fine.

8. As jy mal verby is oor sjokolade stel ek voor jy doen die volgende. As jou vriende kliek "hier's kos!" en dit is toevallig jou gunsteling tjokkie, begin hardloop en skree. Dis wanneer jy moet begin eet vir energie – jy gaan `n hele entjie hardloop.

(Uit *JIP, 21 Februarie 2011*.)

1.1. Skryf neer waarom dit volgens die leesstuk moeilik is om lekker peuselhappies skool toe te bring. (1)

1.2. Skryf `n aanhaling uit paragraaf 4 neer wat daarop dui dat die verteller nie in die Wiskundeklas oplet nie. (1)

1.3. Wat word bedoel met die woord “kommunisme” in paragraaf 4? (1)

1.4. Waarom is dit glad nie `n goeie idee om pouse lekkers soos Wine Gums en Jelly Babies te eet nie? (1)

1.5. Watter afleiding kan ons maak as die verteller sê: “Niemand wil tog pouse sit met wiskundehuiswerk wat met tamatiesous en stroop besmeer word nie.” (par. 5). (2)

1.6. Lees paragraaf 6 en skryf in jou eie woorde wat word bedoel met “Bettie die bedelaar.” (1)

1.7. Dink jy die titel van die leesstuk is gepas? Motiveer jou antwoord (2)

1.8. Kies die regte vorm van die woord *kliek* (par. 8) (1)

A- Sien
B- Besef
C- Voel

1.9. Watter oplossing is daar om te voorkom dat al jou peuselhappies geëet word? Kyk in paragraaf 7 (1)

1.10. Wat beteken die woord *taboe* in paragraaf 6? (1)

1.11. Wat moet jy doen volgens die leser as jy mal is oor sjokolade en nie vir iemand “nee” kan sê nie? (1)

1.12. Watter verskoning sal jy uitdink om op `n mooi manier vir jou vriende “nee” te sê as hulle van jou peuselhappies wil hê? (2)

Totaal: 15

Teks B: Spotprent

1.13. Watter visuele leidrade wys vir ons dat die vrou geskok is? Noem EEN. (1)

1.14. Kies een van die volgende om die uitdrukking op die man se gesig te beskryf:
Skryf slegs die vraagnommer en simbool neer bv. (1.10 – E)
A- Opgewonde
B- Ongelukkig (1)
C- Ongeërg

1.15. Watter IRONIE lê opgesluit in die man se woorde:
"*Ek het mos gesê ek gaan 'n uiltjie knip"*? (1)

1.16. Wat is die tekenaar se standpunt as hy sê: "Die lewe is 'n Kaaskrul?" (2)

Totaal: 5

Totaal Afdeling A: 20

AFDELING B – TAALLEER EN VISUELE GELETTERDHEID

Vraag 2:

Lees die onderstaande teks deur en beantwoord die vrae wat volg.

INTERESSANTE NATUURFEITE

1. Besies smaak soos appels, perdebye soos neute en wurms soos gebraaide spek.
2. ‘n Kakkerlak kan verskeie weke lank sonder sy kop leef.
3. Jou hart klop meer as ‘n 100 000 keer op ‘n dag.
4. Regshandige mense leef oor die algemeen nege jaar langer as linkshandige mense.
5. ‘n Olifant is die enigste soogdier wat nie kan spring nie.
6. 25% van die bene in jou lyf is in jou voete.
7. Jou vingernaels groei vier keer vinniger as jou toonnaels.
8. Vrouens knip hulle oë twee keer soveel as mans.
9. Kamele het drie ooglede om hulle oë teen die son te beskerm.
10. ‘n Donkie se oë is so geplaas in sy kop dat hy al vier sy pote tegelykertyd kan sien.
11. Sommige wurms eet hulleself as hulle nie kos in die hande kan kry nie.
12. Dolfyne slaap met een oog oop.
13. Jy kan nie met oop oë nies nie.
14. Slakke het vier neuse.
15. Uile is die enigste voëls wat wat die kleur blou kan sien.
16. ‘n Kameelperd se tong is so lank dat hy sy ore daarmee kan skoon lek.
17. ‘n Volstruis se oog is groter as sy brein.
18. Elke waatlemoen het ‘n ewe getal unieke strepe op sy skil.
19. Elke lemoen het ‘n ewe getal skyfies.
20. 26 branders per minuut rol uit na die strand, dit maak nie saak wat die weer is nie.

Beantwoord nou die volgende vrae

2.1. Verdeel die woord ***sommige*** (par.11) eers in klankgrepe en dan in lettergrepe. (2)

2.2. Skryf die volgende sin neer en onderstreep EEN diftong wat daarin voorkom

‘n Volstruis se oog is groter as sy brein. (1)

2.3. Gee die INTENSIEWE vorm van blou (par.15). (1)

2.4. Gee een voorbeeld van ASSIMILASIE uit paragraaf 2. (1)

2.5. Gee die verkleiningsvorm van voëls (par.15). (1)

2.6. As die woord *nies* (par.3) oorrond uitgespreek word verander die betekenis.

2.6.1. Skryf die woord met die nuwe betekenis neer. (1)

2.6.2. Maak ‘n verklarende sin om die verskil in betekenis duidelik te maak. (1)

2.7. Skryf die getal 25 uit in woorde. (1)

2.8. Skryf een voorbeeld van ‘n byvoeglike naamwoord uit reël 18 neer. (1)

Totaal: 10

Vraag 3:

Bestudeer die onderstaande grappie noukeurig en beantwoord die vrae wat volg.



3.1. Gee EEN woord vir: Moet nooit (raampie 2). (1)

3.2. Die samestelling *vroumens*, in raampie 2, is van toepassing.

3.2.1. Identifiseer die kern en die bepaler. (2)

3.2.2. Vorm 'n nuwe samestelling deur die kern van die woord *vroumens* te gebruik. (1)

3.3. Verklaar die gebruik van die afkappingsteken by *toe's* (raampie 3). (1)

3.4. Watter klankverskynsel word gebruik wanneer *fluister* (raampie 3) uitgespreek word as *flyster*? (1)

3.5. Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE:

"Hoe was die kuiertjie by die bure se kameelperdwyfie?" (raampie 1) (1)

Begin jou sin soos volg: Die voël het gevra...

3.6. Skryf die volgende sin in die ontkennende vorm neer.

Sy het die hele nag liefdeswoordjies gefluister (1)

3.7. Dink jy die kameelperd se vriendin het hom misbruik? Motiveer. (2)

Totaal: 10

Vraag 4 :

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg

4.1. Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

4.2. Na wie of wat verwys *viervoetiges* in raampie 1? (1)

4.3. Is die woord ***hondetelers*** (raampie 2) `n samestelling, afleiding of samestellende afleiding? (1)

4.4. Waarna verwys die afkorting *p/m* in raampie 3? (1)

4.5. Is die volgende stelling ‘n FEIT of ‘n MENING? Motiveer.

Honde verkies Royal Canin (2)

4.6. Benoem die volgende sin.

Het jy gedink jy weet baie oor honde? (1)

4.7 Gee die OORTREFFENDE trap vir die woord *vars* (raampie 5). (1)

4.8. Skryf die ONDERWERP van die volgende sin neer.

Honde verkies Royal Canin (1)

4.9. Wat beteken die idioom *my blaf is erger as my byt* (raampie 6)? (1)

Totaal: 10

<u>Totaal Afdeling B: 30</u>

AFDELING C – LETTERKUNDE

Vraag 5: Poësie

Bestudeer die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Harlekyn van die dieretuin

S.J. **Pretorius**



1. Hy sien die agies…
2. Dan wip hy, skielik mal,
3. van paal na klip,
4. van klip na krip
5. en spat die water
6. venynig woes
7. dat almal keer en koes,
8. maar as hulle skater
9. vat hy die sak en vou
10. dit oor sy hoof;
11. verlate op ‘n ashoop rou
12. hy oor alles wat hulle van hom roof:
13. ver vlaktes en blou dolomiet-
14. ‘n hopie grys verdriet

5.1. Die “harlekyn” in die titel verwys na ‘n apie wat in die dieretuin aangehou word. Benoem die BEELDSPRAAK wat hier voorkom. (1)

5.2. Waarom word die apie in die gedig aan ‘n “harlekyn” gelykgestel? (1)

5.3. Wat word van die apie verwag? (1)

5.4. Wie is die “agies” na wie in reël 1 verwys word? (1)

5.5. Waaruit kan mens aflei dat die “agies” nie begryp dat die harlekyn eintlik vir hulle kwaad is nie? (1)

5.6. Wat bedoel die spreker eintlik met die woord “ashoop”? (1)

5.7. Wat is die funksie van die dubbelpunt na reël 12? (1)

5.8. Haal die versreël aan om aan te toon dat daar van die apie geroof is EN verduidelik wat dit eintlik is wat hulle van hom geroof het. (2)

5.9. Die gedig is ‘n voorbeeld van ‘n vrye versvorm. Noem EEN kenmerk van die vrye versvorm wat in die gedig voorkom. (1)

Totaal: 10

<u>Vraag 6: Wie eerste lag...</u>

Bestudeer die onderstaande kort uittreksel van die kortverhaal en beantwoord die vrae wat volg.



1. “ Kan ek help?” vra sy.
2. “Ek…ek…was kleedkamer toe?” sê-vra ek verbaas.
3. Ek sien hoe ‘n vae liggie in haar oë opgaan.
4. “O ja, goed. Gaan sit,” mompel sy. Sy kyk my nie in die oë nie.
5. Ek kyk na my arms en my hande. Ek is nog hier. Ek is nog sigbaar.
6. Hoekom lyk sy dan so asof sy my nie sien nie. Asof sy my nie kan onthou nie.
7. Natuurlik moet sy kan onthou.
8. Mieke en Elzette onthou my dan. Hulle het dan vir my gelag.
9. Ek stap na my bank toe en prober Mieke se oë vang. Sy kyk orals om en rondom my, behalwe vir my.
10. Ek frons. Wat gaan aan? Is ek nou weer onsigbaar? Ek gaan sit.
11. Juffrou Boonzaaier se stem dreun voort. Ek sit en staar na Mieke se lang blonde vlegsel. Soos gewoonlik.
12. Dan, skielik, draai sy om, kyk vir my en giggel. Elzette kyk ook en giggel ook.
13. Dan kan Mieke dit nie meer hou nie en sy skater van die lag. Ek gee ‘n sug van verligting. Dankie tog. Ek is nog steeds sigbaar.
14. Ek dog amper my oomblik was verby.

Beantwoord die volgende vrae

6.1. Wie is die verteller in hierdie uittreksel? (1)

6.2. Hoe weet ons dat die verteller van Mieke hou? (1)

6.3. Mieke en Elzette kyk na die verteller en toe begin hulle lag. Hoe reageer die verteller? (1)

6.4. Hy kyk na sy gesig in die spieël. Wat sien hy veral raak? (1)

6.5. Waarom, dink hy, toe hy terug in die klaskamer is, dat hy weer onsigbaar is? (1)

6.6. Kort daarna besef hy hy is egter steeds sigbaar. Waarom dink hy so? (1)

6.7. Wat is die werklike rede waarom hulle gelag het? (1)

6.8. Die verteller, Hannes du Preez, is tog nie werklik onsigbaar nie. Wat dink jy, is die rede waarom hy die indruk begin kry het dat hy onsigbaar is? (2)

6.9. Voltooi die bekende idioom
Wie laaste lag..... (1)

Totaal: 10

Totaal Afdeling C: 20

Groottotaal: 70